REIS

Deur Nadine Murphy

As jy bloot moeg is om jaar na jaar op dieselfde plek vakansie te hou of al reeds elke kusdorp verken het, is dit tyd om jou vlerke te sprei en jouself by Le Touessrok in Mauritius in te boek, skryf Nadine Murphy.

Of jy nou pas getroud of pas geskei is of enigiets tussenin, Mauritius bly die ideale bestemming vir 'n droomvakansie. Dit is slegs drie ure se vlieg van Johannesburg af en uit en uit die moeite werd.

Die hotel is vyf en veertig minute se ry van die lughawe af en hoewel die paadjies nou is en die inwoners daarop ry asof dit die Autobahn in Duitsland is, is die eiland se natuurskoon en boustyl so al langs die kus af toe by die hotel mooi om te bekyk.

By die hotel word jy ingewag met 'n heerlike koppie kamille-tee wat jou rustig laat sit om die hotel se glansryke dog gemaklike atmosfeer in te neem terwyl jou tasse na jou kamer geneem word. Sodra jy gereed is neem hulle jou persoonlik na jou kamer en maak seker jy is gemaklik.

Ek het soos 'n prinses gevoel toe ek in my kamer instap. Van die gemaklike groot bed, die balkon met sy groot houtdeure en die uitsig op die blou water en spier wit seesand het my oortuig ek is in die paradys. Die kamer is groot en gemaklik met 'n sitkamertjie en TV, kroegyskas met die lekkerste verskeidenheid eetgoedjies, maar moet liefs nie die kasdeure oop maak as jy nie bereid is om groot geld uit te haal nie, 'n koffiemasjien, komplimentêre wyn en bak vol tropiese vrugte.

Om alles nog meer spesiaal te maak het jy 'n *butler* wat 24 uur van elke dag tot jou beskikking is – net waarvoor jy hom nodig het. Hy sal jou tas uitpak, jou wyn ontkurk en skink of enige van die wonderlike aktiwiteite wat hierdie oord bied namens jou bespreek. Aktiwiteite soos watersport, diepseeduik, snorkel, fietsry, tennis, golf en nog 'n string meer kan jou die hele vakansie besig hou.

As al die aktiwiteite jou lyf gedaan gemaak het, doen jouself die guns en loer by die Givenchy-spa in, een van die wêreld se bestes. Met 'n reeks behandelings wat deur Givenchy self ontwikkel is, is dit moeilik om te kies. Van Lomi Lomi tot die spesiale Le Touessrok-massering.

Die hotel is elkeen van sy vyf sterre werd, dit is stylvol dog gemaklik. Die plaaslike mense se charisma en natuurlike rustigheid laat jou gemaklik voel en die kos is uit die boonste rakke. Ek het myself van soggens tot laat saans vol gestop asof ek nog nooit kos gesien het nie. Met drie restaurante in die oord kan jy kies en keur. Die kos is voorwaar voortreflik en ek het nie een maaltyd gehad in die vier dae waarvan ek nie gehou het nie. Wat my die meeste beïndruk het, was die feit dat jy nie net een bord kos kry nie maar vyf verskillende